# DIE DUBBELSPEL

## No 5. Spioenasie Reeks



Gerrie Radlof

# DIE DUBBELSPEL
*deur*
Dirk Lubbe

„Die Profeet" — skrik van die vyande van Suid-Afrika — gryp weer in!

Hy is die man met wie die vreemde moondheid wat ons land wou oorneem, nie rekening gehou het nie!

Net voor die Parlementsopening in Kaapstad, word 'n lid van die Geheime Diens wreedaardig vermoor in 'n openbare telefoonhokkie. Met sy laaste asem uiter hy drie woorde. Alleen daardie drie woorde is die beginplek van „Die Profeet" se jag op 'n skurke-organisasie wat nie vir mens of duiwel ontsag het nie.

Een van die grootste sakemanne in die land verskyn meteens in die ligkring, en, saam met hom, sy dogter, Kina. Verskrikking heers in die moederstad en die hele land se lot rus in die hand van 'n enkele onverskrokke jong Afrikaner.

Ten spyte van die Polisie en die doodsveragtende metodes van die mees geslepe spioene in die wêreld, seëvier hy en handhaaf hy die reputasie van die onfeilbaarheid van „Die Profeet".

Van een spanningsoomblik tot die ander, van die een angsmoment tot die volgende, is u met „Die Profeet", dienaar van Suid-Afrika!

Prys **12/6.**

# HOOFSTUK 1

DIE telefoon lui skril. Daar is 'n dringendheid in die geluid asof dit die erns van die oproep te kenne wil gee.

Dit is reeds middernag. Nogtans word 'n lig feitlik onmiddellik aangeskakel en die spreekbuis van die mikkie afgepluk. Die Hoof van die Geheime Diens slaap lig. Dit is noodsaaklik. Nooit weet hy wanneer die verlies van 'n oomblik die verlies van 'n lewe mag meebring nie.

„Ja?" Net die enkele kortaf woord word sonder aarseling geuiter. As dit een van sy manne is wat bel, sal hulle sy stem herken. Is dit enigiemand anders, moet hy maar self vasstel of hy die regte nommer geskakel het.

Daar is 'n gekrap in die instrument. Aan die ander kant word 'n muntstuk in die gleufie gegooi en oombliklik daarna volg die woorde hees en vinnig: „Aufenheim wil parlement . . . Aarg!"

Dit is 'n hees, roggelende skree en dan ontplof die gehoorstuk in die Hoof se oor. Hy kan die aard van die geluid nie vasstel nie. Dit mag selfs die knal van

'n rewolwer wees in 'n beperkte ruimte, soos die binnekant van 'n openbare telefoonhokkie.

Daar volg 'n harde metaalagtige klank. As die spreekbuis aan die ander kant uit die greep van die oproeper geval het, sal dit so teen die muur van die hokkie slaan. Daar is 'n geskuifel en dan stilte.

Die Hoof praat nie. Hy luister net. Op sy breë, massiewe voorkop wat bo sy spits gesig uitbult, verskyn die blink klammigheid van fyn sweetdruppels. Daar is 'n vaagheid wat die deurdringendheid van sy grys oë bedek, want met die volle konsentrasie van sy onpeilbare intelligensie probeer die Hoof die toneel, waarvan net die klanke hom 'n aanduiding gee, in sy verbeelding saamstel.

Hy weet wie dit is wat pas met hom gepraat het. Hy ken die stemme van sy agente soos hy dié van sy eie kinders sou geken het indien hy enige gehad het. Nie net is dit belangrik soos in hierdie geval nie, maar hy ken hulle met 'n opregte en innige belangstelling . . . selfs 'n teerheid, omdat hulle die plek van die kinders wat hy nooit gehad het nie, in sy hart vul.

Daarom luister hy met pyn en spanning. Die drama, die tragedie wat hom nou iewers in Kaapstad afspeel en waaraan hy bloot deur medium van 'n telefoondraad verbind is, doem helder voor hom op.

Dit is asof hy Bertus Roux na die telefoonhokkie sien nael het. Die jong oop gelaat sou strak en gespanne gewees het; miskien vertrek van pyn indien hy reeds gewond was. Maar vrees sou daar in daardie



jong gesig nie bestaan het nie — hoe naby sy agtervolgers ook al op sy hakke gewees het en hoe deeglik Bertus ook al die gevolge begryp het indien hulle hom moes inhaal.

En dit het gebeur. Skaars kon hy die nommer skakel, die muntstuk ingooi en die paar woorde uiter, of is hy getref; heel waarskynlik deur 'n rewolwerskoot van buite af deur die glasdeur van die hokkie.

En nou hang die gehoorbuis aan die draad en swaai dit liggies heen en weer. Op die vloer lê Bertus gewond, want daar is 'n geskuifel. Of miskien sleep sy agtervolgers sy liggaam uit . . . Dalk kyk een van hulle na die gehoorbuis en staan hy besluiteloos omdat hy nie weet wie dit is wat Bertus gebel het nie.

Daarom luister die Hoof nog. Hy wag. Dalk het iemand die spreekbuis reeds opgetel en staan en luister hy ook nou aan die ander kant.

„Hello! Hello!"

Dit is 'n growwe mansstem, dik en hees sodat dit nie herken moet word nie.

Die Hoof antwoord nie. Hy vra nie uit nie. As Bertus se agtervolgers weggejaag het en dit nou iemand is wat die gebeure aanskou het, sal hy wel self met inligting kom.

„Hello!" herhaal die stem weer dringend. „Is iemand daar?"

Nog antwoord die Hoof nie. As dit een van Bertus se aanranders is, sal hy net in een ding belang stel. Hy sal probeer vasstel wie dit is met wie Bertus so dringend

in aanraking wou kom. En dit sal die Hoof hom tog nie sê nie. Dis beter dat die ander nie eens die klank van sy stem hoor nie. En deur die swye te bewaar, hou die Hoof die man langer in die hokkie en word die moontlikheid groter dat iemand wat daar verbygaan of miskien reeds gesien het wat plaasgevind het, die alarm kan gee.

As dit 'n buitestaander is wat sy burgerlike plig wil nakom deur die voorval aan te meld, sal hy dadelik die Polisie skakel. Die instrument is blykbaar nie deur die val gebreek nie en is nog in werkende toestand.

„As jy dan nie wil praat nie," en daar sluip frustrasie en dreiging in die growwe stem, „onthou dan net dat jy volgende op die lys is." Sonder meer word die spreekbuis hard op die mik teruggegooi.

Oombliklik plaas die Hoof die gehoorbuis terug. Die laaste woorde, die dreigement, het vir hom geen waarde nie. Dis ydele bravade. Die man probeer net sy ware motief verduister. Dit maak in alle geval nie saak nie.

Die Hoof skakel reeds weer 'n nommer. Aan die ander kant lui dit vier keer voordat iemand half deur die slaap antwoord.

„Briers hier."

„Briers!" Die Hoof maak nie verskoning vir die laat uur nie, gee geen verduidelikings nie. Hy praat helder, vinnig, saaklik. „'n Jongman, Bertus Roux, is pas aangerand, miskien vermoor."

„Wie is hy?" Die slaperigheid is uit die stem van



die Kaapse speurhoof. Hy is een van die weinige manne wat die identiteit van die Hoof van die Geheime Diens ken. Hy kan hoor dat dit 'n ernstige saak is. Dis nie 'n gewone moord wat by enige aanklagkantoor aangemeld kan word nie.

„Dis een van my manne," antwoord die Hoof haastig, „maar dit hoef natuurlik nie verkondig te word nie."

„Wie het hom . . .?"

„Ek weet nie," sny die Hoof hom in die rede. „Ek weet glad nie waarmee hy besig was nie. Jy moet asseblief elke beskikbare man op die been kry. Bertus het my van 'n openbare telefoon af gebel. Dit mag in 'n hokkie iewers langs 'n straat wees of dalk in 'n gebou. Hy is daar aangerand. Laat hulle soek totdat hulle die plek kry."

„Maar hoe op aarde sal hulle weet watter . . .?" Kolonel Briers klink angstig. Dit lyk na 'n onbegonne taak.

„Hy het 'n enkele muntstuk ingegooi," keer die Hoof hom weer. „Ons kan aanvaar dat dit 'n trippens was. Jy kan maklik vasstel uit watter omtrek 'n trippens genoegsaam is om 'n oproep na my huis deur te skakel. Laat jou manne stelselmatig te werk gaan. Hopelik sal daar genoeg spore . . ."

„Ek ken my werk," werp die Kolonel bitsig in. „Ek tref dadelik reëlings."

„Goed."

Dit is maar die Hoof se manier van „totsiens" sê.

Dié wat hom in sy amptelike hoedanigheid ken, aanvaar dit so.

Net vir 'n oomblik is daar 'n vonkeling in sy oog. Hulle is ou vriende, hy en die knap speurhoof, en deur die jare het hulle respek vir mekaar steeds gestyg. Maar selfs nou nog kan die Hoof die geleentheid nie laat verbygaan om die ander se been te trek nie, want hy weet maar te goed hoe gevoelig die Kolonel raak wanneer iemand hom probeer vertel hoe hy sy werk moet doen.

Hy voel gerus. Hy weet dat elke skrapie en merkie, elke stukkie papier en sigaretstompie in elke telefoonhokkie in die omtrek onder 'n vergrootglas ondersoek sal word.

Weer skakel hy 'n nommer. Hierdie keer het die instrument aan die ander kant nie eens geleentheid om 'n enkele kort lui te voltooi nie of 'n stem antwoord diep, welluidend en helder.

„Fourie hier."

„Het jy geslaap?"

„Dis 'n slegte gewoonte wat ek hierdie tyd van die nag het."

„Kan jy gou hier na my toe kom, Gerrit?"

Anderkant word die instrument sonder meer neergesit. Die Hoof glimlag. Gerrit Fourie is sy beste man en tog staan hy nog keer op keer verstom vir die vermoë van die jong agent van die Geheime Diens. Dit lyk soms bomenslik. Hy kan hom voorstel hoe Gerrit rustig lê en slaap het, want hy weet dat Gerrit



heeltemal ontspan wanneer hy rus. Tog moes sy hand met die eerste klankie van die telefoon uitgeskiet het, want dit was binne 'n gedeelte van 'n sekonde teen sy oor.

Maar die Hoof glimlag nie net uit trots nie. Hy glimlag ook omdat hulle mekaar so goed ken en so ten volle vertrou. Ten spyte van die paar haastige woorde weet hy dat Gerrit so gou as wat menslik moontlik is, hier sal wees. Van al sy agente is Gerrit die een in wie hy die meeste vertroue het. As seun het hy hom reeds geken en van kleins af het hy hom vir die Geheime Diens grootgemaak. En tog het die jong boompie wat hy gebuig en gevorm het, takke gespruit waaroor hy geen beheer het nie, maar wat hom nogtans verras en verheug. Sekere hoedanighede wat hy in Gerrit ontdek het, het hom soms ook oomblikke van kommer besorg. Hy weet maar te goed hoe Gerrit se waardigheid op die onmoontlikste tye kan verdwyn en sy roekelose humorsin te voorskyn kan kom. Hierdie eienskap strek ook tot sy dade, want te dikwels is sy optrede onbesonne en waaghalsig.

Die Hoof glimlag ook omdat dit waarskynlik is dat Gerrit nou weer met die Gereg sal bots. Hy weet dat kolonel Briers in werklikheid 'n sagte plekkie in sy hart het vir die jong agent van die Geheime Diens. Ongelukkig is die metodes waarop die Polisie en die Geheime Diens te werk gaan, so uiteenlopend van aard dat hulle kort-kort bots. En Gerrit se metodes is juis nie daarop toegespits om die goedkeuring van die Gereg af te dwing nie.

Met hierdie gedagtes spring die Hoof uit die bed. Hy is klein van liggaamsbou en die koddige magie bo die kort bene sou hom potsierlik laat lyk het as dit nie was vir die veeragtigheid van sy tred en die doelgerigtheid van sy bewegings nie. Hy gooi 'n kamerjas oor sy nagklere en stap na 'n aangrensende vertrek waar hy voor 'n lang venster gaan staan. Van sy groot, gerieflike woning in Oranjezicht kyk hy uit oor die duisende ligte van die voorstad, die patroon van die strate in die middestad en die kronkelinge van ligstrepe wat soos gekleurde are van die strandgebied af wegstrek. Daar iewers, miskien naby, miskien verder weg, is Bertus Roux 'n paar minute gelede aangerand, dalk selfs vermoor. En op hierdie oomblik word daar moontlik 'n poging aangewend om van sy lyk ontslae te raak.

Daar is nie veel wat hy kan doen nie. Hy sal moet wag totdat hy van die speurhoof hoor.

Daar is 'n gegons agter hom. Hy swaai om. Bo 'n deur teen die binnemuur van die donker vertrek, brand 'n klein rooi liggie.

„Binne!"

Gerrit Fourie se breë skouers vul die deur. Sy gelaat, wat gewoonlik rustig, amper strak is, is dofweg sigbaar in die weerkaatsing van die lig wat deur die oop kamerdeur val. Nou glimlag hy breed, maar sy houding is angstig omdat hy weet dat hy oor 'n ernstige saak hierheen ontbied is.

Die Hoof stap met uitgestrekte hand nader. Hy aanskou die gemaklike tred waarmee die ander naderkom.



„Mag, maar dis gaaf om jou weer te sien!" roep die Hoof uit en Gerrit se glimlag verbreed, want dit is die bekende rympie waarmee hy altyd gegroet word wanneer hulle mekaar 'n ruk lank nie gesien het nie. „En jy lyk nog net soos altyd."

„Dit geld wedersyds," lag Gerrit. Sy oë, half verskuil agter die swaar ooglede wat gewoonlik die indruk skep dat hy enige oomblik aan die slaap kan val, flikker na die blink pankop van die Hoof. Hy weet dat daardie laaste aanmerking oor sy eie voorkop was, want dié word jaar na jaar so 'n bietjie hoër soos die hare aan die voorkant yler raak. Dit is die Hoof se geliefkoosde onderwerp as hy hom wil terg.

„Ja," gee die Hoof toe onderwyl sy blik oor Gerrit se netjiese sportdrag dwaal asof hy die atletiese gestalte daarin kan sien, „al verandering wat ek op die oomblik kan merk, is dat jy kort gelede jou hare laat kap het. Maar dit sal natuurlik ook nie meer te lank nodig wees nie. Binnekort sal jy ook my jeugdige jare bereik wanneer sulke besoeke oorbodig is." Hy klop Gerrit gemoedelik op die skouer. „Ek is bly jy is hier," sê hy dan.

„Dit klink so," antwoord Gerrit droog onderwyl hy in 'n gemakstoel neersak en sy bene voor hom uitstrek. „Veral as u twee-uur in die nag nie sonder my geselskap kan klaarkom nie."

„Jy moet dankbaar wees dat ek jou hierdie keer met rus gelaat het totdat jy van jou vakansie af teruggekeer het."